MEMORANDUM

AAN : ALLE TAFELDRUIF PRODUSENTE
DATUM : 30 November 2021
RE : DRINGENDE AANDAG : COVID-19 EN DIE 2021/2022 SEISOEN

Beste SATI Lid en Tafeldruiwe Produsent

Na die ontdekking van die nuwe Covid-19 variant, Omicron, is die wêreld se fokus onverwags weer op Suid-Afrika. Dit het gelei tot die skielike opskorting van reise/vlugte na Suid-Afrika en is ’n voorbeeld van **irrassionele optrede**. **Dit kan ook met vrugte-invoere gebeur**. President Ramaphosa het egter aan die internasionale gemeenskap beklemtoon dat besluite op wetenskap gegrond moet wees.

Ons 2021/2022-seisoen het begin en alles moet in die stryd gewerp word om ons gesond te hou en die oes suksesvol in te samel en te verkoop. Die volgende verg een en elk se dringende aandag.

1. Covid-19 Inenting en -Protokolle

President Ramaphosa het uitgewys dat die beste stuk ‘gereedskap’ vir beskerming teen ernstige siekte en sterfte die Covid-19 inentingsprogram is.

Ten einde ons toegang tot markte ten beste te beskerm, word ’n beroep op almal gedoen om, sover enigsins moontlik, te verseker dat alle werknemers op plase en pakhuise ingeënt is.

Verder moet die verspreiding voorkom word deur die **handhawing van die Covid-19 protokolle**, naamlik die dra van maskers, gebruik van handsaniteerders, handhaaf van sosial afstand en die versekering van goeie ventilasie in binnenshuise ruimtes.

2. Covid opname

Indien dit nodig is om ons bedryf in die verband te verdedig, is dit noodsaaklik dat SATI oor feitegebaseerde inligting beskik. Dit is dus nodig om ’n **vertroulike opname** oor die status van inenting op plase en in pakhuise te doen. Ons moet pro-aktief hierdie inligting bekom en onderneem om dit slegs indien nodig en uiters oordeelkundig te gebruik.

Voltooi die opname teen Vrydag 3 Desember 2021 deur die skakel te volg.

3. Covid-19 Bedryfstaakspan

Die SATI Direksie het die aktivering van die streeksgebaseerde Covid-19 Taakspan vir die 2021/2022-seisoen goedgekeur. Hierdie Taakspan sal as sentrale inligtingsbron en koördineringstruktuur vir produsente en streke dien.

Elke streek en FPEF (uitvoerdersvereniging) het ‘n verteenwoordiger op die Taakspan. Die SATI webwerf dien as sentrale punt van inligting terwyl spesifieke kommunikasie rakende belangrike Covid-19 inligting per spesiale memo (soos hierdie) en e-pos via die SATI streekskantore versprei sal word.

Produsente word versoek om eers die SATI Covid-19 webportaal te raadpleeg voordat die verteenwoordiger in die betrokke streek gekontak word. Die verteenwoordiger sal dan help om die vrae/navrae te beantwoord en/of verder met die Taakspan te skakel.

Die verteenwoordigers is as volg:

NTA	Ursula Quinn, hr@hnpieterse.co.za
ORPA	Marno Hamman Marno@acgfruit.com
OTPV	Anneke Greef-Stephan, anneke.otpv@gmail.com
BTPV	Eurica Scholtz/Liesl Jonker, btpv@mweb.co.za ; euricascholtz@gmail.com
HTA	Maré Steenkamp, mare@hexvallei.co.za
FPEF	Werner van Rooyen, werner@fpef.co.za

Die Taakspan word deur Clayton Swart, SATI Kommunikasiebestuurder, saamgeroep (clayton@satgi.co.za).

4. Vervoer van werkers

Die vervoer van werkers bly ’n netilige kwessie wat aanhoudende aandag verg. Daar moet streng gelet word op die vlak van inperking en die kapasiteit wat toegelaat word.

Die gidse en handleidings op die SATI webwerf dek nie alle aspekte en omstandighede op plase en in pakhuise nie, maar daar moet deurgaans veilig, verantwoordelik en binne die wet opgetree word.

Baie dankie vir julle aandag aan hierdie krities belangrike aangeleentheid.

Vriendelike groete en sterkte met die seisoen.

Willem Bestbier
Hoof Uitvoerende Beampte